higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Elke mens behoort gerespekteer te word en nie doelbewus verleë gemaak of verneder te word nie. Dit word ... genoem.

A gelykheid
B menswaardigheid
C veroordeling
D skending

1.2 'n Rekord van die besprekings en besluite wat in 'n vergadering geneem is:

A Memorandum
B Brief
C E-pos
D Notule

1.3 'n ... bestuurder laat ondergeskiktes toe om deel van die besluitnemingsproses te wees en beheer in 'n mate wat hulle doen.

A Demokratiese
B Outokratiese
C Delegerende
D Sowel A as B

1.4 Koste wat tydens 'n projek verander, soos materiaal-, toerustinghuur- en vervoerkoste, word ... genoem.

A direkte koste
B arbeidskoste
C vaste koste
D veranderlike koste

1.5 Lêers kan in 'n ... volgorde gerangskik word en kan in kabinette, laaie of rakke geberg word.

A numeriese
B alfanumeriese
C alfabetiese
D AL bogenoemde opsies

1.6 ... is om 'n skatting en voorspelling van toekomstige gebeurtenisse te maak.

A 'n Raming
B 'n Historiese model
C Vooruitskatting
D 'n Geestesmodel

1.7 'n Projeklewensiklus sluit die voorstellings-, ontwerp-en-ontwikkelings-, implementerings- en ...fase in.

A bestuurs-
B oorhandigings-
C kontrolelys-
D dokumentasie-

1.8 Eerlikheid, objektiwiteit en openlikheid is voorbeelde van ...

A etiese waardes.
B arbeidsverhoudinge.
C goeie beplanning.
D kommunikasie.

1.9 'n Projekbestuurder moet oor ... beskik, en dit is die vermoë om met mense te werk.

A kreatiwiteit
B doelstellings
C interpersoonlike vaardighede
D waardes

1.10 Om inligting by 'n ander plek te berg as waar daaraan en daarmee gewerk is, word ... genoem.

A sagteware
B terugdatering
C hardeware
D 'n rugsteunstelsel

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Tydens die evalueringsfase hoef die projekbestuurder nie die projek aan die hand van die oorspronklike doelwitte, wat in die projekplan uiteengesit is, te evalueer nie.

2.2 'n Subprojek is 'n groter projek binne-in 'n klein, oorkoepelende projek.

2.3 Saamhorigheid beteken dat spanlede in goeie of slegte tye bymekaar staan.

2.4 Gantt-kaarte is 'n voorstelling van al die aktiwiteite wat in 'n projek voltooi moet word asook die duur van elke aktiwiteit.

2.5 Terugtrekking ('backing-down') kan as strategie ingespan word om spankonflik te hanteer.

2.6 Die uitvoeringsproses is die finale fase van 'n projek.

2.7 'n Sigblad ('spreadsheet") is 'n rekenaargegenereerde dokument waarin data in rye en kolomme getoon word.

2.8 Inspeksie is die proses waarvolgens gekontroleer word of die eindproduk voldoen aan die standaard waaroor daar by die aanvang van die projek ooreengekom is.

2.9 'n Ontleding ('breakdown) van al die werk wat tydens 'n projek voltooi moet word, word 'n meesterskedule genoem.

2.10 'n Rekeningehandves is enige stelsel wat tred hou met die koste wat vir 'n projek aangegaan is.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Tyd vir iets nuuts



Wesleydale se gemeenskap het hulp nodig om hul ou skool te restoureer. Hierdie laerskool, wat in die hartjie van Wesleydale geleë is, het nie genoeg klaskamers en geriewe om in die vraag in die omgewing te voorsien nie. Die meubels is oud en van die meubels moet herstel word. Daar moet ekstra klaskamers en badkamergeriewe aangebou en plafonne herstel word, en die klaskamers het almal 'n nuwe laag verf nodig. 'n Deel van die skool moet ook aangepas word om studente met gestremdhede te help om met gemak te kan rondbeweeg. Opritte moet dus gebou word om van die skool 'n rolstoelvriendelike omgewing te maak.

Izik Sefolo word aangestel om die projek aan te voor. Tesame met sy vertroude spanleier, John Maphela, en sy ervare span voltooi hulle die opknappings en aanbouings aan die Wesleydale-skool. Die projek was vir hulle 'n prioriteit en hulle het pligsgetrou en hard gewerk, ten spyte van talle terugslae wat hulle te bowe moes kom. Die projek is in die rekordtyd van agt maande voltooi, en hulle moes fyn beplan sodat die skool steeds so normaal moontlik kon funksioneer terwyl hulle met die projek besig was.

Izik Sefolo stem saam dat dit 'n eer is om so 'n spesiale projek soos die Wesleydale-projek te bestuur en dat dit nie sonder John Maphela en sy span se vaardighede en leierskapsvermoëns moontlik sou wees nie. 'Alhoewel konflik in enige projek iets onvermydeliks is, beskik John Maphela oor die interpersoonlike vaardighede om elke negatiewe situasie in 'n positiewe situasie om te keer,' sê Izik Sefolo.

Daarby sou die projek ook nie moontlik gewees het as die Departement van Onderwys dit nie gehelp finansier het en plaaslike ondernemings soos Mica die verf en ander voorrade wat benodig is, geborg het nie.

John Maphela voel ook dat enige projek kan misluk as daar nie behoorlike kommunikasie is of die papierwerk om dit te ondersteun nie. 'Om 'n ordentlike liasseerstelsel te hê en dokumente met die nodige omsigtigheid te hanteer, is 'n onafskeidbare deel van egte projekbestuur,' reken John Maphela.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Omskryf die term *projekbestuur*. (3)

3.2 'n Gantt-kaart is 'n buitengewoon nuttige projekbestuurshulpmiddel.

Verduidelik die voor- en nadele daarvan om die Gantt-kaart vir die Wesleydale-projek te gebruik. (10 × 1) (10)

3.3 Verduidelik hoe Izik Sefolo die Suid-Afrikaanse Grondwet as bron van etiese gedrag tydens die projek kan gebruik. (4 × 2) (8)

3.4 Onderskei tussen 'n *produkontledingstruktuur* (POS) en 'n *koste-ontledingstruktuur* (KOS) wat in die Wesleydale-prokek gebruik is. (2 × 3) (6)

3.5 Verduidelik die proses wat gevolg moet word as die gedragskode tydens die Wesleydale-projek verbreek word. (4 × 2) (8)

[35]

VRAAG 4

4.1 Bespreek hoe Izik Sefolo en die span sensitiewe en vertroulike dokumente, wat met die projek verband hou, moet hanteer. (4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik wat met 'n 'bydraende belanghebber' in die Wesleydale-projek bedoel word. (2 × 1) (2)

4.3 Identifiseer enige DRIE belanghebbers in die Wesleydale-projek en verduidelik hul rol in die projek. (3 × 2) (6)

4.4 Verduidelik die volgende stelsels as deel daarvan om erkenning aan die Wesleydale-projekspan se prestasies te verleen:

4.4.1 Beoordelingstydperk

4.4.2 Kernbevoegdhede

4.4.3 Vorderingsoorsig

(3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik watter leierskapsvaardighede en -tegnieke John Maphela kan gebruik om te verseker dat sy span sy voorbeeld sal navolg. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1 'n Projekplan is noodsaaklik om die sukses van enige projek te verseker. Noem enige TIEN elemente waaruit die Wesleydale-projekplan moes bestaan. (10 × 1) (10)

5.2 Noem enige VIER hulpbronne wat vir die voltooiing van die Wesleydale-projek gebruik kon word. (4 × 1) (4)

5.3 Template of profielvorms help om die werksprosesse in 'n projek te standaardiseer.

Help Izik Sefolo om 'n 'lesse geleer'-templaat vir die Wesleydale-projek te ontwerp. (10 × 1) (10)

5.4 Bespreek die proses wat Izik Sefolo en die projekspan kan gebruik om projekdokumente te stoor en te herwin. (5 × 1) (5)

5.5 Onderskei tussen *algemene bestuur* en *projekbestuur*. (6 × 1) (6)

[35]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer ontwrigtende gedrag wat die span kon verhinder het om hul doelwitte te bereik. (5 × 1) (5)

6.2 6.2.1 Verduidelik 'skattingskonsensus' as een van die skattingsmetodes. (2 × 1) (2)

6.2.2 Gee TWEE voordele van konsensuele skatting. (2 × 2) (4)

6.3 Verduidelik die volgende bronne van konflik wat in die Wesleydale-projek kon voorkom.

6.3.1 Persoonlike faktore

6.3.2 Kommunikasiefaktore

6.3.3 Strukturele faktore

(3 × 3) (9)

6.4 Noem en verduidelik VYF eienskappe van Izik Sefolo as projekbestuurder. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou